Hoewel die TIP die onderrigtaal van formele lesings en leerstof spesifiseer, is dit slegs een komponent van die leergerigte benadering tot leer en onderrig. Die Fakulteit gebruik tradisioneel verskeie aanvullende en gefasiliteerde leergeleenthede bo en behalwe formele lesings, bv. 'n wye reeks tutoriale en informele portuur-mentorskapgeleenthede. Dit bied 'n geleentheid om veeltaligheid te bevorder.

Die meeste tutoriale en praktiese sessies word in dubbelmedium (waar Afrikaans sowel as Engels in dieselfde lesing gebruik word) aangebied. In dié geval is dosente en/of tutors beskikbaar om studente in hulle voorkeurtaal te help.

---

<sup>2</sup> Hierdie plan vervang alle vorige weergawes en is SLEGS geldig vir die 2024 akademiese jaar.



So ver moontlik word een-tot-een gesprekke in die student se voorkeurtaal gevoer. Dosente wend 'n daadwerklike poging aan om isiXhosa te leer om met studente, selfs op 'n basiese vlak, in hul huistaal te kan kommunikeer. Generatiewe KI-instrumente word ook as hulpmiddel gebruik om met studente in hul voorkeurtaal te kommunikeer.

Verskeie modules maak gebruik van Mobilex of ander woordelyste om studente met hul leerwerk te help (bv. Statistiek 214, Inleiding tot Ekonomie 141 en Finansiële Rekeningkunde 178). Eweknie-leer word ook gebruik om veeltaligheid te bevorder tydens interaktiewe lesings, groepwerk vir assesserings en tutoriale/praktiese sessies.

Bo en behalwe die meer informele, gefasiliteerde leergeleenthede, het sommige modules doelbewus dubbelmedium as taalspesifikasie gekies om pedagogiese doelwitte te bereik (bv. 'n verskeidenheid standpunte) wat veeltaligheid kan help ontwikkel.

Dosente het aangedui dat hulle graag meer oor veeltaligheid wil leer en praktiese raad oor die bevordering van meertaligheid in hul eie modules benodig. Hierdie behoefte sal met behulp van die Fakulteit se Leer- en Onderrigsentrum hanteer word.

### 3) Taalgebruik in Onderrig en Leer

Die Fakulteit se TIP vir 2024 is in Aanhangsel A vervat. Die Fakulteit sal voortgaan om voorgraadse B-programme en voorgraadse diplomaprogramme in die volgende taalopsies aan te bied: aparte lesings in Afrikaans en in Engels (A/E of parallelmedium) (7.1.3 in die US-taalbeleid); beide Afrikaans en Engels word in dieselfde lesing gebruik (A&E of dubbelmedium) (7.1.4 in die US-taalbeleid); en, in uitsonderlike gevalle, word sommige modules slegs in een taal aangebied (A|E|X of enkelmedium). In die laasgenoemde geval word intydse tolking voorsien na gelang van behoefte en haalbaarheid (7.1.5 in die US-taalbeleid).

Soos vantevore sal alle voorgraadse diplomaprogrammodules by die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) in enkelmedium (Engels) aangebied word. Dit is deur die studenteprofiel, afleweringmetode (insluitend die hibriede metode) en studentegetalle genoodsaak. Die (voorgraadse) Diploma in Volhoubare Ontwikkeling en die Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling maak in 'n groot mate staat op ervaringsleer; derhalwe leen die pedagogiese benadering hom nie tot intydse tolking nie (bv. sessies word in die buitelug by toepaslike terreine aangebied en sessies sluit praktiese leer, groepwerk, veldwerktoere, ens. in). In die geval van albei die programme verwys onderrig wat van aangesig tot aangesig plaasvind nie na tradisionele lesings nie.

Die twee programme beskik oor relatief klein studentegetalle en studente se kultuur, taal en agtergrond verskil grootliks. Die fasiliteerders van die programme is meestal ad hoc-personeel van buite die universiteit wat nie Afrikaans of isiXhosa magtig is nie en derhalwe nie in hierdie tale onderrig kan gee nie.

Alhoewel daar aangedui word dat hierdie modules in enkelmedium (Engels) aangebied word, is daar steeds plek vir veeltaligheid in die programme, bv. studente gebruik hul voorkeurtaal om idees in kleingroepe te bespreek. Fasiliteerders wat ander tale magtig is, kommunikeer met kleingroepe in daardie tale. Weens die aard van die sessies en die metodes wat gebruik word, help studente mekaar wanneer hulle dit hulle moeilik vind om hulself in Engels uit te druk. Die program maak voorsiening vir ondersteuning om studente

se kommunikasievaardighede te ontwikkel ongeag hul eerste taal, bv. by wyse van inisiatiewe soos geskeduleerde sessies by die Skryflaboratorium, die ReadTheory-program (om studente te help om met begrip te lees) en Strategiese Kommunikasie-modules.

## Veranderings aan die taalspesifikasies van voorgraadse modules in 2024

Die taalspesifikasie van modules het veranderings ondergaan. Nuwe modules sal ook in 2024 geïmplementeer word.

Die volgende taalspesifikasieveranderings sal in 2024 gemaak word:

- Beide Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222 en Finansiële Risikobestuur 212 is in dubbelmedium aangebied, maar sal vanaf 2024 in enkelmedium (Engels) aangebied word. Die dosente is slegs Engels magtig. Intydse tolking sal beskikbaar gestel word waar nodig, terwyl studente-assistente in staat sal wees om vrae in Afrikaans te beantwoord en met studente in Afrikaans te kommunikeer.
- Statistiek en Datawetenskap 188 is in parallelmedium aangebied. In 2023 is die praktiese sessies egter in dubbelmedium aangebied. (Hierdie afwyking is by die Fakulteitsraadvergadering van 3 Maart 2023 ter tafel gelê.) Daar sal in 2024 voortgegaan word met dié gewysigde taalspesifikasie weens die beperkte aantal rekenaargebruikersareas en die groot getal studente wat vir die module ingeskryf is. Die rooster maak eenvoudig nie voorsiening vir afsonderlike praktiese sessies in Afrikaans en Engels nie. Die Engelse sessies sal egter aangevul word met Afrikaanse (en Engelse) video's.
- Hoewel Ouditkunde 378, Finansiële Rekeningkunde 379, Bestuursrekeningkunde 378, Bestuursrekeningkunde 388, Belasting 388 en Belasting 399 in parallelmedium aangebied is, sal dit vanaf 2024 na enkelmedium (Engels) verander met intydse tolking na Afrikaans. Die aantal studente wat vir hierdie modules geregistreer het, maak dit noodsaaklik dat die modules in groepe aangebied word. Terwyl die Afrikaanse groepe uiters klein is, is die Engelse groepe te groot vir aktiewe deelname deur studente. Die Afrikaanse groep sal dus 'n Engelse groep word met intydse tolking na Afrikaans.

Die volgende nuwe modules in die Fakulteit sal vanaf 2024 aangebied word:

- Beleggingsbestuur 349 sal in parallelmedium aangebied word. Dit is 'n nuwe module wat Beleggingsbestuur 348 en Beleggingsbestuur 354 vervang. Die module is ontwikkel as deel van 'n kurrikulumvernuwingsinisiatief wat daarop gemik was om leemtes en duplisering in die beleggingsbestuursmoduleketting te identifiseer en te oorbrug.
- Die volgende modules wat vanaf 2024 aangebied sal word, is ontwikkel as deel van die Skool vir Rekeningkunde se akademiese vernuwing en is in ooreenstemming met SAIGR se vereiste CA2021-graduandi-eienskappe:
  - Digitale en Leierskapsvernuf 245 sal in dubbelmedium aangebied word,
  - Digitale en Leierskapsvernuf 312 sal in dubbelmedium aangebied word,
  - Digitale en Leierskapsvernuf 352 sal in dubbelmedium aangebied word.
- Die volgende modules, wat ook in die 2023 TIP aangeteken is, is ontwikkel as deel van die BDatSci-program en sal vanaf 2024 vir die eerste keer in enkelmedium (Engels) aangebied word:
  - Bayes-statistiek 441,
  - Ekonometrie 441,

- Gedragseconomie 441,
  - Gevorderde Lineêre Programmering 441,
  - Inleiding tot Statistiese Leerteorie 441,
  - Makro-ekonomie 441,
  - Meerveranderlike Statistiese Analise A 414,
  - Meerveranderlike Statistiese Analise B 441,
  - Metaheuristieke 441,
  - Metodes in Operasionele Navorsing 441,
  - Mikro-ekonomie 441,
  - Stogastiese Simulasie 441,
  - Sisteemdinamika 441,
  - Tydreeksanalise 441.
- Om tussen die navorsingswerkstukke van die verskillende fokusareas in die BDatSci-program te onderskei, is die module genaamd Datawetenskap-navorsingswerkstuk 441 vervang met 'n module wat toegespits is op elke fokusarea. Vanaf 2024 sal die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe die volgende modules in enkelmedium (Engels) aanbied:
    - Datawetenskap-navorsing in Gedragseconomie 471,
    - Datawetenskap-navorsing in Analitika en Optimering 471,
    - Datawetenskap-navorsing in Statistiese Leer 471.
  - Nadat die derde jaar van die BDatSci-program vir die eerste keer geïmplementeer is, het die programleier en modulekoördineerder besef dat twee modules semesters sou moes ruil sodat die inhoud beter op mekaar kan bou. Datawetenskap 316 en Datawetenskap 346 sal vanaf 2024 in enkelmedium (Engels) geïmplementeer word. Hierdie modules vervang Datawetenskap 314 en Datawetenskap 344.

#### 4) Administrasie- en bestuurstaal

Besluite rakende die administrasie- en bestuurstaal sal die bevordering van begrip en inklusiwiteit ten doel hê. In die algemeen sluit kommunikasie vir administratiewe doeleindes beide Afrikaans en Engels in, wat impliseer dat alle amptelike, geskrewe dokumente in Afrikaans en Engels sal wees. Kommunikasie met huidige en voornemende studente sal ooreenkomstig die taalvoorkeur van 'n student in Afrikaans of Engels wees. Op nagraadse vlak sal kommunikasie egter hoofsaaklik in Engels wees, maar dit sal ook die onderrigtaal van die onderskeie departemente weerspieël.

Die taal van e-poskommunikasie tussen personeel word nie voorgeskryf nie, maar daadwerklike pogings word aangewend om in die taal te kommunikeer wat deur alle ontvangers verstaan word. Dit verminder die vertalingstyd en -koste van e-pos. In vergaderings sal die konteks van 'n vergadering en die deelnemers die voertaal bepaal.

#### 5) Kanale vir terugvoer rakende implementering

Studente en personeel kan terugvoer oor die implementering van die taalplan verskaf deur middel van die Fakulteit se bestaande studentestruktuur, naamlik die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Studentekomitee (EBSK/"EMSC"), asook die fakulteitskomitee. Studente gebruik ook die bestaande module-terugvoermetodes. In die praktyk rig studente dikwels hul taal terugvoer regstreeks aan die dosent of die voorsitter van 'n departement en gebruik hulle slegs formele kanale indien die kwessie nie opgelos word nie.

## **6) Ten slotte**

Die Taalimplementeringsplan vir 2024 ondersteun die US se Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019 – 2024. Onvoorsiene afwykings van hierdie plan sal in ooreenstemming met die Universiteit se Taalbeleid voorgelê word.

## Aanhangsel A: Taalaanbod van individuele modules in 2024

Modules aangebied deur die Departement Bedryfsielkunde			
Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Bedryfsielkunde 114	1	Parallelmedium	12
Bedryfsielkunde 144	1	Parallelmedium	12
Bedryfsielkunde 214	2	Dubbelmedium	16
Bedryfsielkunde 224	2	Parallelmedium	16
Bedryfsielkunde 252	2	Parallelmedium	8
Bedryfsielkunde 262	2	Parallelmedium	8
Bedryfsielkunde 314	3	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde 324	3	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde 348	3	Enkelmedium	24
Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 312	3	Enkelmedium	12
Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 344	3	Enkelmedium	12
Mensekapitaalberekening 344	3	Enkelmedium	12
Spesiale Modules aangebied deur die Departement Bedryfsielkunde			
Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) 132	1	Enkelmedium	6
Bedryfsielkunde (Spesiaal) 244	2	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde (Spesiaal) 354	3	Enkelmedium	12

Modules aangebied deur die Departement Ekonomie			
Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Datawetenskap-navorsing in Gedragseconomie 471 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	40
Ekonometrie 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	20
Ekonomie 114	1	Parallelmedium	12
Ekonomie 144	1	Parallelmedium	12
Ekonomie 214	2	Dubbelmedium	16

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Ekonomie 244	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	16
Ekonomie 281	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	32
Ekonomie 288	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	32
Ekonomie 318	3	Dubbelmedium	24
Ekonomie 348	3	Dubbelmedium	24
Ekonomie 381	3	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	24
Ekonomie 388	3	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	24
Gedragseconomie 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	10
Makro-ekonomie 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	12
Mikro-ekonomie 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	12

### Modules aangebied deur die Departement Logistiek

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Besigheidsanalities 214	2	Dubbelmedium	16
Besigheidsanalities 244	2	Dubbelmedium	16
Besigheidsanalities 318	3	Dubbelmedium	24
Besigheidsanalities 348	3	Enkelmedium	24
Datawetenskap-navorsing in Analitika en Optimering 471 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	40

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Gevorderde Lineêre Programmering 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	15
Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144	1	Parallelmedium	12
Inligtingstelsels 112	1	Enkelmedium	6
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214	2	Enkelmedium	16
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 244	2	Enkelmedium	16
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314	3	Enkelmedium	12
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 324	3	Enkelmedium	12
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 344	3	Enkelmedium	12
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 354	3	Enkelmedium	12
Metaheuristieke 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	15
Metodes in Operasionele Navorsing 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	15
Operasionele Navorsing 214	2	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 244	2	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 314	3	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 322	3	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 344	3	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 352	3	Dubbelmedium	16
Projekbestuur 314	3	Dubbelmedium	24
Sisteemdinamika 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	15
Vervoerekonomie 214	2	Dubbelmedium	16
Vervoerekonomie 244	2	Dubbelmedium	16
Vervoerekonomie 318	3	Dubbelmedium	24
Vervoerekonomie 348	3	Dubbelmedium	24

### Modules aangebied deur die Departement Ondernemingsbestuur

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Beleggingsbestuur 254	2	Parallelmedium	16
Beleggingsbestuur 314	3	Parallelmedium	12
Beleggingsbestuur 324	3	Parallelmedium	12
Beleggingsbestuur 344	3	Parallelmedium	12
Beleggingsbestuur 349 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	3	Parallelmedium	12
Bemarkingsbestuur 214	2	Parallelmedium	16
Bemarkingsbestuur 244	2	Parallelmedium	16

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Bemarkingsbestuur 314	3	Parallelmedium	12
Bemarkingsbestuur 324	3	Parallelmedium	12
Bemarkingsbestuur 344	3	Parallelmedium	12
Bemarkingsbestuur 354	3	Parallelmedium	12
Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314	3	Parallelmedium	12
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214	2	Parallelmedium	16
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244	2	Parallelmedium	16
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318	3	Parallelmedium	24
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 348	3	Parallelmedium	24
Finansiële Beplanning 314	3	Parallelmedium	24
Finansiële Beplanning 344	3	Parallelmedium	24
Finansiële Bestuur 214	2	Parallelmedium	16
Finansiële Bestuur 244	2	Parallelmedium	16
Finansiële Bestuur 314	3	Parallelmedium	12
Finansiële Bestuur 332	3	Parallelmedium	12
Finansiële Bestuur 352	3	Parallelmedium	12
Finansiële Bestuur 354	3	Parallelmedium	12
Ondernemingsbestuur 113	1	Parallelmedium	12
Ondernemingsbestuur 142	1	Parallelmedium	6
Strategiese Bestuur 344	3	Parallelmedium	12
Uitruilsemester 342	3	Parallelmedium	60

### Modules aangebied deur die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Aktuariële Wetenskap 112	1	Enkelmedium	8
Aktuariële Wetenskap 142	1	Enkelmedium	16
Aktuariële Wetenskap 211	2	Enkelmedium	18
Aktuariële Wetenskap 241	2	Enkelmedium	22
Aktuariële Wetenskap 311	3	Enkelmedium	24
Aktuariële Wetenskap 341	3	Enkelmedium	24
Aktuariële Wetenskap 371	3	Enkelmedium	32
Bayes-statistiek 441 (nuwe module, aangebied van 2024)	4	Enkelmedium	12
Datawetenskap 141	1	Dubbelmedium	16
Datawetenskap 241	2	Enkelmedium	16
Datawetenskap 316 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	3	Enkelmedium	16



Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Datawetenskap 346 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	3	Enkelmedium	16
Datawetenskap-navorsing in Statistiese Leer 471 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	40
Finansiële Risikobestuur 212	2	Enkelmedium	8
Finansiële Risikobestuur 242	2	Enkelmedium	8
Finansiële Risikobestuur 252	2	Dubbelmedium	6
Finansiële Risikobestuur 314	3	Dubbelmedium	24
Finansiële Risikobestuur 344	3	Dubbelmedium	24
Ingenieurstatistiek 314	3	Dubbelmedium	15
Inleiding tot Statistiese Leerteorie 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	12
Meerveranderlike Statistiese Analise A 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	12
Meerveranderlike Statistiese Analise B 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	12
Renterekening 152	1	Parallelmedium	6
Statistiek 214	2	Dubbelmedium	16
Statistiek 224	2	Dubbelmedium	16
Statistiek 244	2	Dubbelmedium	16
Statistiek 318	3	Dubbelmedium	24
Statistiek 348	3	Dubbelmedium	24
Statistiek en Datawetenskap 188	1	Parallelmedium met praktiese sessies in Dubbelmedium aangebied	18
Stogastiese Simulasie 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	12
Tydreeksanalise 441 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	4	Enkelmedium	12
Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144	1	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 214	2	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 245	2	Dubbelmedium	8
Wiskundige Statistiek 246	2	Dubbelmedium	8
Wiskundige Statistiek 312	3	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 316	3	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 344	3	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 364	3	Dubbelmedium	16

## Modules aangebied deur die Skool vir Publieke Leierskap

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114	1	Enkelmedium	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 144	1	Enkelmedium	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 212	2	Enkelmedium	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222	2	Enkelmedium	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 242	2	Dubbelmedium	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 252	2	Dubbelmedium	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314	3	Dubbelmedium	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 324	3	Dubbelmedium	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 348	3	Dubbelmedium	24
<b>Die volgende modules is deel van die voorgraadse diplomas wat deur die Skool vir Publieke Leierskap aangebied word</b>			
Ekologiese Geletterdheid 177	1	Enkelmedium	20
Entrepreneurskap-inkubator 151	1	Enkelmedium	60
Groen Ekonomie 278	2	Enkelmedium	15
Institusionele Gedrag 142	1	Enkelmedium	15
Institusionele Gedrag 241	2	Enkelmedium	20
Institusionele Kapasiteitsbestuur 171	1	Enkelmedium	20
Institusionele Kapasiteitsbestuur 271	2	Enkelmedium	20
Institusionele Prestasiebestuur 172	1	Enkelmedium	20
Institusionele Prestasiebestuur 191	1	Enkelmedium	20
Institusionele Prestasiebestuur 291	2	Enkelmedium	20
Institusionele Samewerking 182	1	Enkelmedium	15
Institusionele Samewerking 281	2	Enkelmedium	20
Internskap 379	3	Enkelmedium	40
Kommunikasie- en skakelingstudies 371	3	Enkelmedium	10
Mentorskap en Fasilitering 371	3	Enkelmedium	10
Navorsingsbenaderings 131	1	Enkelmedium	15
Ontwikkeling van Volhoubare Stede 371	3	Enkelmedium	10
Openbare Aanspreeklikheid 161	1	Enkelmedium	20
Openbare Aanspreeklikheid 261	2	Enkelmedium	20
Openbare Finansiële Rekeningkunde 231	2	Enkelmedium	20
Persoonlike Gedrag en Integriteit 174	1	Enkelmedium	20
Regeneratiewe Leierskap 177	1	Enkelmedium	10
Regeneratiewe Leierskap 278	2	Enkelmedium	15
Regeneratiewe Leierskap 379	3	Enkelmedium	10
Sakeplanne en -strategieë 121	1	Enkelmedium	15
Sosiale Entrepreneurskap 177	1	Enkelmedium	20

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Sosiale Entrepreneurskap 278	2	Enkelmedium	40
Sosiale Entrepreneurskap 371	3	Enkelmedium	10
Sosiale Entrepreneurskap 379	3	Enkelmedium	40
Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap 371	3	Enkelmedium	30
Sosiale Veranderinge 278	2	Enkelmedium	15
Strategiese Kommunikasie 177	1	Enkelmedium	20
Strategiese Kommunikasie 278	2	Enkelmedium	15
Strategiese Kommunikasie 379	3	Enkelmedium	15
Toegepaste Institusionele Kapasiteitsbestuur 173	1	Enkelmedium	20
Toegepaste Institusionele Prestasiebestuur 172	1	Enkelmedium	20
Toegepaste Institusionele Samewerking 175	1	Enkelmedium	20
Toegepaste Openbare Aanspreeklikheid 171	1	Enkelmedium	20
Toegepaste Openbare Finansiële Rekeningkunde 177	1	Enkelmedium	20
Toegepaste Voldoening en Beheer 176	1	Enkelmedium	20
Voldoening en Beheer 251	2	Enkelmedium	20
Voldoening en Beheer: Bate- en Aankopebestuur 122	1	Enkelmedium	15
Voldoening en Beheer: Begrotings 121	1	Enkelmedium	15
Volhoubaarheidsperspektiewe 177	1	Enkelmedium	20
Volhoubaarheidsverslagdoening 379	3	Enkelmedium	15
Volhoubaarheid in die Digitale Era 111	1	Enkelmedium	30
Volhoubare Ontwerp 177	1	Enkelmedium	20
Volhoubare Ontwerp 278	2	Enkelmedium	20
Volhoubare Ontwikkeling en Internskap 371	3	Enkelmedium	40
Volhoubare Verslagdoening, Monitering en Evaluering 371	3	Enkelmedium	10
Wêreldsieninge 177	1	Enkelmedium	15

## Modules aangebied deur die Skool vir Rekeningkunde

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Belasting 298	2	Parallelmedium	24
Belasting 388	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	24
Belasting 399	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	36
Bestuursrekeningkunde 278	2	Parallelmedium	30
Bestuursrekeningkunde 288	2	Parallelmedium	24
Bestuursrekeningkunde 378	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	36
Bestuursrekeningkunde 388	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	48
Digitale en Leierskapsvernuf 112	1	Parallelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 122	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 142	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 152	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 162	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 212	2	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 242	2	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 245 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	2	Dubbelmedium	8
Digitale en Leierskapsvernuf 312 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	3	Dubbelmedium	8
Digitale en Leierskapsvernuf 352 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	3	Dubbelmedium	8
Finansiële Rekeningkunde 178	1	Parallelmedium	24
Finansiële Rekeningkunde 188	1	Parallelmedium	24
Finansiële Rekeningkunde 179	1	Parallelmedium	26
Finansiële Rekeningkunde 278 <sup>#</sup>	2	Parallelmedium	30
Finansiële Rekeningkunde 288	2	Parallelmedium	32
Finansiële Rekeningkunde 379 <sup>#</sup>	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	45
Finansiële Rekeningkunde 389	3	Parallelmedium	48
Ouditkunde 288 <sup>#</sup>	2	Parallelmedium	23
Ouditkunde 378 <sup>#</sup>	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	23
Ouditkunde 388 <sup>#</sup>	3	Parallelmedium	23
Sake-etiek 214	2	Parallelmedium	8

<sup>#</sup>As deel van die Skool vir Rekeningkunde se akademiese vernuwing (in ooreenstemming met SAIGR se CA2021-profiel vir gegradueerdes), is die kredietladinge van 'n paar modules aangepas. Hoewel dit

nie die taalspesifikasie van die module beïnvloed nie, moet daar kennis geneem word van die aanpassing met betrekking tot krediettoekenning.

<b>Modules aangebied deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>			
<b>Modulenaam</b>	<b>Jaar</b>	<b>Taalspesifikasie</b>	<b>Krediete</b>
Akademiese Geletterdheid vir EBW 111	1	Dubbelmedium (Sonder intydse tolking)**	12
Wiskunde vir EBW 171	1	Parallelmedium	18
Inleiding tot Ekonomie 141	1	Dubbelmedium (Sonder intydse tolking)**	12

\*\*n Omgekeerde klaskamer-benadering voorkom intydse tolking; tog staan dit studente vry om werkgroepe te skep of daarby aan te sluit. Dié groepe word dikwels volgens taalvoorkeur gevorm. Tydens terugvoer aan die groter groep vind interaksie in Engels plaas en help die dosent met vertaling waar nodig.

<b>Modules aangebied deur die Taalsentrum vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>			
<b>Modulenaam</b>	<b>Jaar</b>	<b>Taalspesifikasie</b>	<b>Krediete</b>
Professionele Kommunikasie vir EBW 144	1	Enkelmedium	6

**Uittreksel uit die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch van Desember 2021 (alle onderafdelings is van toepassing op die taalspesifikasies wat in die tabel hierbo aangedui is):**

**Aparte lesings in Afrikaans en Engels (A/E of Parallelmedium)**

7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van verskillende taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie in programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).

**Sowel Afrikaans as Engels in dieselfde lesings (A+E of Dubbelmedium)**

7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing intydse tolking beskikbaar. Gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking op versoek van 'n fakulteit beskikbaar, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdien gebruik maak, kan dit gestaak word.

#### Slegs een taal (A|E|X of Enkelmedium)

7.1.5 In die volgende gevalle sal lesings in slegs een taal aangebied word:

7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.

7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in onderrig in slegs Afrikaans of slegs Engels vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

(a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US intydse tolking in Engels beskikbaar. Indien die lesings in die eerstejaarmodules in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans beskikbaar, en gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking beskikbaar op 'n fakulteit se versoek, indien die behoeftes van die studente die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdien gebruik maak, kan dit gestaak word.

(b) Benewens lesings is daar toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels.

7.1.5.3 Waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistentie die nodige taalvaardigheid het en instem om dit te doen.

---

forward together  
sonke siya phambili  
saam vorentoe